No 17 - 2025] SECOND SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 28 AUGUST 2025

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Ms T Lithakong
Mr B Petrus
Ms A P Bans
Ms B M van Minnen
Ms N D Nkondlo
Ms A Cassiem
Ms W F Kaizer-Philander

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**EXECUTIVE STATEMENT**

**MOTIONS**

---

**FURTHER BUSINESS**

**MOTIONS WITH NOTICE**

1. Mr G Bosman: That the House debates the recent surge in shootings in the Western Cape and holding the South African Police Service and the Parole Board accountable for failing to protect citizens.

2. Mr N P Masipa: That the House debates the impact of the Comprehensive Agricultural Support Programme (CASP) being classified as a Schedule 5 grant rather than Schedule 4, and how this affects the timely disbursement of funds to farmers during critical planting seasons.

3. Mr R Windvogel: That the House debates the recent decision by the City of Cape Town to reduce the scope of the Dial-a-Ride transport services, and the impact this downscaling will have on persons with disabilities.

4. Mr B M Ngqentsu: That the House debates the high number of protection order applications in the Western Cape, with the second-highest figure being recorded nationally in the 2024/25 financial year.

5. Mr B M Ngqentsu: That the House debates the rising and deeply concerning incidents of taxi-related violence and shootings in the Western Cape, which have resulted in the loss of lives and which have placed commuters in constant danger.

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr M B Ngqentsu: That the House notes with concern the attempted robbery of three Democratic Alliance Members of Parliament – Mr Ian Cameron, Mr Nicholas Gotsell and Ms Lisa Schicherling – during their oversight visit to the Police Training Academy in Philippi; extends well wishes to them for a speedy recovery; expresses the hope that they receive the necessary support following the traumatic incident; recognises that this traumatic experience is tragically common for the black working class in the DA-led Western Cape, who live under the constant threat of crime and violence due to the DA's failures; affirms that crime affects all South Africans, regardless of race, political affiliation or background; believes that the DA-led provincial government should take full responsibility given its failures to prioritise working class communities; and calls for intensified efforts to ensure communities most affected by crime are not only resourced and supported, but developed so that working class youth are not found in criminal activities and recruited into gangs.

2. Mr M B Ngqentsu: That the House notes and strongly condemns the shocking violence in the Western Cape where 26 people were killed in just one week, as reported in August 2025; notes that this bloodshed is unacceptable and has caused fear and devastation in our communities; further notes with grave concern that these senseless killings are not isolated incidents, but are rooted in the deep structural failures of the provincial government to address the causative factors of violent crime, including poverty, unemployment and poor spatial planning that entrenches inequality, the proliferation of illegal firearms and easy access to ammunition – all these remain unchecked, with no dedicated government programmes to intervene decisively; acknowledges that the so-called Western Cape Safety Plan is once more exposed as a big and expensive failure that has not made our communities safer; and calls for urgent, comprehensive and people-centred interventions to address the root causes of crime, to strengthen policing and to protect our communities from further devastation.

3. Mr M B Ngqentsu: That the House notes with deep concern the tragic incidents of newly born babies being dumped in Kraaifontein, following the recent discovery of one infant in a dustbin and another on the streets of Bloekombos; further notes the ongoing scourge of violent crimes against women, including a recent horrific incident in the New Rest squatter camp in Kraaifontein where a 60-year-old man allegedly set a shack alight, resulting in the deaths of a 58-year-old woman and a child; observes with alarm that these incidents are taking place during Women's Month, a period dedicated to reflecting on the rights, dignity and safety of women and children; calls on the broader community of Kraaifontein, with

the support of this House, to unite with local public representatives – Hon Member Ngqentsu, ward 6 Councillor Nodliwa, and ward 101 Councillor Duka – in addressing the root causes and circumstances that give rise to such tragedies; and invites this House to support the upcoming imbizo on 23 August 2025, to be led by a Deputy Minister, as a vital platform for community engagement, awareness and mobilisation; acknowledges that, while the imbizo may not in itself be a panacea for these heartbreaking incidents and the broader scourge of violence, it remains an important community-driven platform for dialogue, participation and the collective pursuit of sustainable and preventative solutions.

4. Mr M B Ngqentsu: That the House notes with deep concern the unacceptable condition of the Kwa-Nokuthula Police Station in Plettenberg Bay, characterised by the absence of proper infrastructure, which has resulted in severe office overcrowding; further notes that these inadequate facilities not only subject police officers to inhumane and unsafe working conditions, but also endanger officers, witnesses and community members, particularly during interviews and examinations; acknowledges that the land on which the police station is currently located is owned by the Bitou Local Municipality; calls on the provincial government, the South African Police Service (SAPS) and the Bitou Local Municipality to enter into a cooperative agreement urgently to identify and release suitable land, paving the way for the construction of a fully functional and modern police precinct; and further acknowledges that the provincial government must demonstrate real and tangible support for policing – not only through operations – but also through infrastructure investment and comprehensive community safety initiatives.

5. Mr M K Sayed: That the House supports the National Day of Action taking place today in Tshwane, Durban and Cape Town under the theme "Energy embargo now: Stop all trade to Israel" calling for an immediate end to all coal being sold to apartheid Israel amidst the Gaza genocide; further notes that the Western Cape exports over R195 million worth of fresh grapes to Israel annually; notes that, in line with the DA's expressed support for the Israeli occupation and their denial of a genocide in Gaza, the provincial government has maintained and facilitated these trade relations; expresses concern that such trade may indirectly support activities contrary to South Africa's foreign policy stance and international obligations; and calls on Premier Winde to review and assess the ethical implications of continued trade with Israel, considering the broader political context and the Province's stated commitment to human rights and international law.

6. Ms B Stoffel: That the House notes and congratulates the African National Congress for its decisive victory in the ward 3 by-election in Knysna, where the ANC candidate, Comrade Lukhanyiso Nohava, secured 1 074 votes; further notes that this victory is not only a triumph for the ANC, but also a reaffirmation of the people's confidence in the ANC as the true custodian of their hopes, struggles and aspirations; and acknowledges the tireless efforts of ANC members, branches and volunteers who worked with dedication to ensure this victory.

7. Ms B M van Minnen: That the House notes the brutal Lotus River shooting, which claimed one life and left four injured, and the shocking tally of 26 murders in just one week in the Western Cape; notes that these tragedies expose not isolated incidents, but a crisis of violent crime fuelled by the glaring failure of the SAPS and the national government to uphold their constitutional duty to protect our people; notes that, in contrast, the Western Cape Government continues to strengthen safety efforts despite shameless attempts by the

opposition to politicise these tragedies; and, therefore, calls on the SAPS and the prosecuting authorities to act with urgency, professionalism and the full weight of the law to deliver swift justice.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Mr D G Jacobs (p 15); Mr G Brinkhuis (p 15); Mr B Ngqentsu (p 16); Ms N D Nkondlo (p 16); Mr G Brinkhuis (p 17); Mr B Ngqentsu (p 17); Ms P Z Lekker (p 18); Mr B Ngqentsu (p 18); Ms N D Nkondlo (p 18); Mr B Ngqentsu (p 24); Ms R Windvogel (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A P Bans (p 24); Mr M K Sayed (p 25); Ms A P Bans (p 25); Ms B Stoffel (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr F Kamfer (p 25); Ms A P Bans (p 26); Ms P Z Lekker (p 26); Ms R Windvogel (p 26); Mr B Ngqentsu (p 27); Mr M K Sayed (p 27); Mr B Ngqentsu (p 28); Ms A P Bans (p 28); Ms P Z Lekker (p 29); Ms R Windvogel (p 29).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 28 AUGUSTUS 2025

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Me T Lithakong
Mnr B Petrus
Me A P Bans
Me B M van Minnen
Me N D Nkondlo
Me A Cassiem
Me W F Kaizer-Philander

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**UITVOERENDE VERKLARING**

**VOORSTELLE**

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr G Bosman: Dat die Huis die onlangse skerp toename in skietvoorvalle in die Wes-Kaap, en om die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Paroolraad verantwoordbaar te hou vir die mislukking om inwoners te beskerm, debatteer.

2. Mnr N P Masipa: Dat die Huis die impak van die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram ("Comprehensive Agricultural Support Programme" of CASP) wat as 'n Bylae 5- eerder as 'n Bylae 4-toekenning geklassifiseer word, en hoe dit die tydige uitbetaling van fondse aan boere gedurende kritieke plantsoeisoene raak, debatteer.

3. Mnr R Windvogel: Dat die Huis die onlangse besluit deur die Stad Kaapstad om die omvang van die Bel-'n-rit-vervoerdiens, en die impak wat hierdie afskaling op persone met gestremdhede sal hê, debatteer.

4. Mnr B M Ngqentsu: Dat die Huis die hoë getal aansoeke om beskermingsbevele in die Wes-Kaap debatteer, met die tweede hoogste getal landwyd wat in die 2024/25- finansiële jaar aangeteken is.

5. Mnr B M Ngqentsu: Dat die Huis die stygende en diep kommerwekkende voorvalle van taxiverwante geweld en skietvoorvalle in die Wes-Kaap debatteer, wat tot lewensverliese gelei het en pendelaars voortdurend in gevaar plaas.

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met kommer kennis neem van die poging tot roof op drie parlementslede van die Demokratiese Alliansie – mnr Ian Cameron, mnr Nicholas Gotsell en me Lisa Schicherling – tydens hul toesigbesoek aan die Akademie vir Polisie-opleiding in Philippi; hulle 'n spoedige herstel toewens; die hoop uitspreek dat hulle die nodige ondersteuning ná die traumatiese voorval ontvang; erkenning gee dat hierdie traumatiese ervaring egter algemeen is vir die swart werkersklas in die DA-beheerde Wes-Kaap, wie se lewens weens die DA se mislukkings voortdurend deur misdaad en geweld bedreig word; bevestig dat misdaad alle Suid-Afrikaners, ongeag ras, politieke verbintenis of agtergrond, raak; glo dat die DA-beheerde provinsiale regering volle verantwoordelikheid moet aanvaar gegewe sy mislukkings om werkersklasgemeenskappe te prioritiseer; en 'n beroep doen om versterkte pogings om toe te sien dat gemeenskappe wat die meeste deur misdaad geraak word, nie net befonds en ondersteun word nie, maar ook ontwikkel word sodat die werkersklasjeug nie by misdaadaktiwiteite betrokke raak en by bendes aansluit nie.

2. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van en die skokkende geweld in die Wes-Kaap ten sterkste veroordeel waar 26 mense in een week in Augustus 2025 luidens berigte vermoor is; kennis neem dat hierdie bloedvergieting onaanvaarbaar is en vrees en verwoesting in ons gemeenskappe gesaai het; verder met diepe kommer kennis neem dat hierdie sinnelose moorde nie geïsoleerde voorvalle is nie, maar dat dit gewortel is in die provinsiale regering se strukturele mislukkings om aan die oorsake van geweldsmisdaad, insluitende armoede, werkloosheid en swak ruimtelike beplanning wat ongelykheid volhou, die skerp toename in onwettige vuurwapens en maklike toegang tot ammunisie, aandag te skenk – wat alles toegelaat word om voort te gaan, met geen spesifieke regeringsprogramme om beslissend in te gryp nie; erkenning gee dat die sogenaamde Wes-Kaapse Veiligheidsplan weer eens as 'n groot en duur mislukking blootgestel word wat ons gemeenskappe nie veiliger gemaak het nie; en 'n beroep doen om dringende, omvattende en mensegesentreerde ingrypings om aan die hoofoorsake van misdaad aandag te skenk, om polisiëring te versterk en om ons gemeenskappe teen verdere verwoesting te beskerm.

3. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die tragiese voorvalle van pasgebore babas wat in Kraaifontein gevind is, nadat 'n baba onlangs in 'n vullisdrom ontdek is en nog een op straat in Bloekombos gevind is; verder kennis neem van die voortslepende vernietigende invloed van geweld teen vroue, insluitende 'n onlangse verskriklike voorval in die New Rest-plakkerskamp in Kraaifontein waar 'n 60-jarige man na bewering 'n plakkershuis aan die brand gesteek het, wat tot die dood van 'n 58-jarige vrou en 'n kind gelei het; met skok waarneem dat hierdie voorvalle plaasvind in

Vrouemaand, ’n tydperk wat gewy word aan nabetragting oor die regte, waardigheid en veiligheid van vroue en kinders; ’n beroep doen op die groter Kraaifontein-gemeenskap, met die steun van hierdie Huis, om met plaaslike openbare verteenwoordigers – agb Lid Ngqentsu, raadslid Nodliwa van wyk 6, en raadslid Duka van wyk 101 – saam te werk om aan die hoofoorsake en omstandighede aandag te skenk wat tot sulke tragedies lei; en hierdie Huis uitnooi om die opkomende imbizo te ondersteun wat op 23 Augustus 2025 sal plaasvind, en deur ’n adjunkminister gelei sal word, as ’n noodsaaklike platform vir gemeenskapskakeling, bewustheid en mobilisering; erkenning gee dat die imbizo wel nie ’n wondermiddel vir hierdie hartverskeurende voorvalle en die groter vernietigende invloed van geweld is nie, maar steeds ’n belangrike gemeenskapsgedrewe platform vir gesprek, deelname en die gesamentlike strewe na volhoubare en voorkomende oplossings is.

4. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onaanvaarbare toestand van die Kwa-Nokuthula-polisiestasie in Plettenbergbaai, wat gekenmerk word deur ’n gebrek aan behoorlike infrastruktuur, wat erge oorbevolking veroorsaak het; verder kennis neem dat hierdie onvoldoende fasiliteite nie net polisiebeamptes aan onmenslike en onveilige werkstoestande blootstel nie, maar ook beamptes, ooggetuies en gemeenskapslede in gevaar stel, veral gedurende onderhoude en ondersoeke; erkenning gee dat die grond waar die polisiestasie tans geleë is, deur die Bitou- plaaslike munisipaliteit besit word; ’n beroep doen op die provinsiale regering, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Bitou- plaaslike munisipaliteit om dringend ’n samewerkingsooreenkoms te sluit om geskikte grond te identifiseer en beskikbaar te stel, wat die weg baan vir die oprigting van ’n polisiëringsgebied wat heeltemal funksioneel en modern is; en verder erkenning gee dat die provinsiale regering werklike en tasbare ondersteuning vir polisiëring moet toon – nie net deur middel van werksaamhede nie – maar ook deur middel van belegging in infrastruktuur en omvattende gemeenskapveiligheidsinisiatiewe.

5. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die Nasionale Dag van Optrede ondersteun wat vandag in Tshwane, Durban en Kaapstad plaasvind met die tema “Verbod op energie nou: Staak alle handel na Israel” (“Energy embargo now: Stop all trade to Israel”) wat ’n beroep doen om alle steenkoolverkope aan apartheid-Israel te midde van die Gasa-volksmoord stop te sit; verder kennis neem dat die Wes-Kaap vars druiwe ter waarde van meer as R195 miljoen jaarliks na Israel uitvoer; verder kennis neem dat die provinsiale regering, in lyn met die DA se uitdruklike ondersteuning van die Israelse besetting en hul ontkenning van ’n volksmoord in Gasa, hierdie handelsbetrekkinge handhaaf en gefasiliteer het; kommer uitspreek dat hierdie handel aktiwiteite wat teenstrydig met Suid-Afrika se stand oor buitelandse beleid en internasionale verpligtinge is, indirek kan ondersteun; en ’n beroep doen op Premier Winde om die etiese implikasies van voortgesette handel met Israel te hersien en beoordeel, met inagneming van die groter politieke konteks en die Provinsie se vermelde verbintenis tot menseregte en internasionale reg.

6. Me B Stoffel: Dat die Huis kennis neem van en die African National Congress gelukwens met sy beslissende oorwinning in die tussenverkiesing in wyk 3 in Knysna, waar die ANC-kandidaat, kameraad Lukhanyiso Nohava, 1 074 stemme verwerf het; verder kennis neem dat hierdie oorwinning nie net ’n oorwinning vir die ANC is nie, maar ook ’n herbevestiging van die mense se vertroue in die ANC as die ware beskermheer van hul hoop, stryd en strewe; en erkenning gee aan die onvermoeide pogings van ANC-lede, -takke en -vrywilligers wat met toewyding gewerk het om hierdie oorwinning te verseker.

7. Me B M van Minnen: Dat die Huis kennis neem van die wrede skietvoorval in Lotusrivier, wat een lewe geëis en vier mense beseer het, en die skokkende totaal van 26 moorde in net een week in die Wes-Kaap; kennis neem dat hierdie tragedies nie geïsoleerde voorvalle is nie, maar eerder ’n geweldmisdaadkrisis is wat aangevuur word deur die skreiende mislukking van die SAPD en die nasionale regering om hul grondwetlike plig te vervul om ons mense te beskerm; kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering, in teenstelling, steeds veiligheidspogings versterk ten spyte van skaamtelose pogings deur die opposisie om hierdie tragedies ’n politieke aangeleentheid te maak; en dus ’n beroep doen op die SAPD en die vervolgingsowerhede om dringend, professioneel en met die volle mag van die gereg op te tree om spoedige geregtigheid mee te bring.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11); Mnr N P Masipa (bl 12); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr F Kamfer (bl 12); Me A P Bans (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Mnr M K Sayed (bl 13); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Me P Z Lekker (bl 13); Me B Stoffel (bl 13); Mnr D G Jacobs (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Mnr D G Jacobs (bl 15); Mnr G Brinkhuis (bl 15); Mnr B Ngqentsu (bl 16); Me N D Nkondlo (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 17); Mnr B Ngqentsu (bl 17); Me P Z Lekker (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 18); Me N D Nkondlo (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 24); Me R Windvogel (bl 24); Me N D Nkondlo (bl 24); Me P Z Lekker (bl 24); Me A P Bans (bl 24); Mnr M K Sayed (bl 25); Me A P Bans (bl 25); Me B Stoffel (bl 25); Me P Z Lekker (bl 25); Mnr F Kamfer (bl 26); Me A P Bans ( 26); Me P Z Lekker (bl 26); Me R Windvogel (bl 26); Mnr B Ngqentsu (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 28); Mnr B Ngqentsu (bl 28); Me A P Bans (bl 29); Me P Z Lekker (bl 29); Me R Windvogel (bl 30).